DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

**9 Mei 2021**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | 2 Konings 6: 8-23 , Openbaring 3: 14-22 |
| **Tema** | Wat sien jy vandag? |
| **Sang** | Psalm 31: 1, 5, 12<br>9: 5, 7<br>19: 5<br>20: 1, 2<br>115: 7, 8, 9 |

Ons God het alle mag in die hemel en op die aarde. Die hemelvaart van die lewende Christus bevestig dit. Wat sien ons vandag? Is ons so beangs en bevrees dat ons net die slegte kan raaksien? Bid dan vandag saam met Elisa dat die Here ons oë sal open om die Koning van alle konings raak te sien op Sy troon. Toe Jesus vir Pilatus gesê het dat Hy 'n ander soort Koning is, het Hy dit letterlik bedoel. Baie keer gebeur daar dinge rondom ons, maar ons sien dit nie raak nie. Hoeveel keer gaan daar dinge by ons verby wat ons moes raaksien?

Soos Elisa se slaaf, is ons soms siende blind. Bendes van die Arameërs val die beloofde land in en maak die inwonders bang. Hulle het gedink hulle veg teen mense. Wat is besig om te gebeur wat hulle nie kan sien nie? Toe Ben-Hahad, die koning van die Arameërs, uiteindelik uitvind dat Elisa elke beweging van hulle ken, wou hy die man van God dadelik uit die weg ruim. Hy vind uit waar Elisa is en stuur in die nag 'n groot mag om die stad te omsingel. Toe Elisa se slaaf die groot getal ruiters en soldate rondom Dotan sien, skrik hy groot. Vandag sal hulle verseker sterf. God se vyand kom altyd met groot getalle en geweld.

Kyk maar die Joodse Raad wat die apostels dreig, in die tronk gooi en laat slaan.  Maar Elisa sien die onsienlike: die vuur op die berge as teken van God se teenwoordigheid. Hy weet: die Here regeer, Sy hand is oor ons. Die Here se leër is baie groter as enige ander aardse koning of regering s'n. Die slaaf se oë moes daarvoor oopgemaak word (6:17). Eintlik is die Arameërs omsingel. Al lyk alles vir Israel hopeloos, is God in beheer.

Hy regeer mense, die natuur, omstandighede en gebeure van die dag. Niks gebeur wat God nie toelaat nie, selfs nie 'n haar kan van jou kop val sonder God se toelating nie- HK So 1 vr 1. Hy het Christus opgewek en die Heilige Gees na ons gestuur. Die Here is die Almagtige Koning wat lewe en dood en die toekoms in Sy Vaderhande vashou! Ons Here Jesus Christus self maak ons oë oop. Dink maar aan die Emmausgangers. Die Here laat hulle sien dat Hy die dood oorwin het, en dat Hy eers moes ly aan die kruis voordat Hy in sy heerlikheid ingaan. Wat die Emmausgangers nie ingesien het nie, laat die Here hulle sien: "Toe gaan hulle oë oop …" (Luk. 24:31). Die Heilige Gees hou ons oë op ons Koning gerig, maak nie saak wat om ons gebeur nie! Is ons oë oop? Die Here sê vir die gemeente in Laodisea dat hulle by Hom oogsalf moet kry. Stephanus sien die oop hemel en Christus wat aan die regterhand van God staan.

Ons is erderkruike wat breekbaar is. As ons gegooi word deur die lewe, wil ons radeloos en terneergedruk word. God se belofte is dat Hy oor alles en almal regeer. Die Here gebruik die situasie waarin ons is, sodat ons weer kan vra: Wys ons die onsienlike. Wys ons die ewige dinge wat regtig saak maak. Die Heilige Gees gee vandag weer vir ons perspektief. Kom ons hoor en sien die regte dinge raak. Bid vir God se duidelike beeld in ons huidige situasie.

# TEESKINKBEURTE

| | | | |
|---|---|---|---|
| **9 Mei 2021** | Almal wat beskikbaar is. | **16 Mei 2021** | Almal wat beskikbaar is. |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# OOG VIR MEKAAR



* Ons is baie dankbaar dat dit met Rika Schutte goed gaan tydens die behandeling.
* Ons bid vir Hennie Oelofse wat steeds behandeling ontvang. Sterkte vir jou en Julie.
* Ons is dankbaar dat Annette Kruger minder pyn ondervind na die operasie. Sterkte vir jou verdere herstel.
* Ons bid vir ons mede broers en susters wat emosioneel en finansieël deur die pandemie geraak word. Mag die Here vir almal spoedige uitkoms gee.
* Kerkraadsvergadering DV volgende Sondag 16 Mei om 16:00 in die kerkgebou. Die Kommissie wat aangewys is, sal rapporteer oor die wyse waarop ons Nagmaal kan bedien tydens die pandemie.
* Die Hoërskoolkinders moet my asb na die diens in die konsistorie ontmoet.

# DIAKONIE


Die diakonie wil graag van die geleentheid gebruik maak om almal wat gehelp het met die bobotie en geel rys projek te bedank vir hulle harde werk, van die patatskillers tot al die kokke. Sonder julle sou die projek nie so geslaagd gewees het nie. Ons wil ook al die lidmate wat skekings gegee het bedank, dit het die uitgawes beperk en die inkomste ’n hup stoot gegee.

Die diakonie wil dan ook ons lidmate vra vir skekings van lyfroom en lip salf, ons het baie ouer lidmate wat in ouetehuise is en wat nou met die winter wat hier is die items baie nodig het.

Dan is die diakonie se kos rakke is ook leeg, en daarom vra ons skekings van geblikte en droeë produkte om ons te help om almal wat versorg moet word te kan versorg. Skenkings van sop bottels gevul met een koppie elk van rys, ertjies, lintels , boontjies en ’n stock bloekkie , kan by die kantoor afgelaai word. Dit kan ’n hele gesin die winter van ’n smaaklike ete voorsien.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 10 Mei 2021 | 18:00 | Kerk | Diakens Verg. |
| 11 Mei 2021 | 09:30 | Kerk | Bybelstudie |
| 11 Mei 2021 | 18:00 | Kerk | Aktiwiteits Komm. |
| 12 Mei 2021 | 09:30 | Alta Theron | Bybelstudie |
| 12 Mei 2021 | 18:30 | Kerk | Bybelstudie |
| ***13 Mei 2021*** | ***18:00*** | ***Kerk*** | ***Hemelvaart Diens*** |
| 16 Mei 2021 | 16:00 | Kerk | Breëkerkraad Verg. |



## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Met my hele hart

wil ek die Here loof

in die samekoms van die opregtes,

in die gemeente.

*Psalm 111:1*



# KALENDER



## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend /Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| So 9 Mei | Annemarie Bakker | 62 | B | 082 484 6267 |
| Ma 10 Mei | ***Hendrina Vermaak *****<br>***Dina O'Reilly ****<br>Francois Pretorius | ***87***<br>***73***<br>45 | B<br>B<br>B | 082 968 9813<br>082 554 2277<br>074 145 8923 |
| Wo 12 Mei | Carlien Slabbert | 18 | D | 082 684 5145 |
| Do 13 Mei | ***Sieg Venter **** | ***73*** | B | **+026 77 285 7143** |
| Vr 14 Mei | Franco Lessing | 10 | D | 083 627 4751 |
| Sa 15 Mei | Margi Slabbert | 23 | B | 082 684 5145 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 9 Mei 1981 | Theuns en Brenda Koekemoer | 40 | 082 083 1058<br>082 696 9227 |
| 12 Mei 2012 | Alwyn en Natania Carstens | 9 | 074 570 9357<br>072 537 4145 |
| 13 Mei 1995 | Jan en Colette Albertyn | 26 | 078 224 6734<br>082 895 9150 |


BASAAR
Saterdag oggend
31 Julie 2021
Vanaf 08:00
BOERE ONTBYT
Vleis
Pannekoek & koffie
Kerrie & rys
Witolifant
Gereformeerde Kerk
Pietersburg
h/v Mcdonald- &
Erasmusstraat
Navrae Daleen 0794902678 / Johan 0825561956

# *GEMEENTEKAMP*


***Chalet Grootte***

1 x DB Bed en 1 Enkel bed R 2 000.00 (4)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed en 3 Enkel bed R 2 500.00 (1)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00 (1)
2 x Enkel Bed R 1 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00
5 x Enkel Bed R 2 500.00 (3)
11 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (5)
10 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (2)

***Karavaan en Kamp plekke***

R 900.00 vir 4 persone /
ekstra persone 'n 2 de staanplek of
R 300.00 p/p

**Vanaf 24 tot 26 Sept by Jabuwoni**



**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Elisa het gebid: "Here, maak tog sy oë oop dat hy kan sien." Die Here het die oë van die slaaf oopgemaak, en hy het gesien: die berge rondom Elisa was vol perde en strydwaens van vuur.*

*2 Konings 6 : 17*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS